Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 3, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Monumente en gedenktekens op Weermagsterreine

**Kol F Oelschig***

Daar is twee gedenktekens op die Grahamstad Militêre Basis terrein, naamlik die "Savannah Shellhole" (MOTH) gedenkteken en die 6 SAI Bn gedenkteken.

## MOTH Gedenkteken

Die "Savannah Shellhole" gedenkteken is opgerig deur die MOTH organisasie van Grahamstad Militêre Basis om die gesneuweldes van die Grahamstad eenhede (6 SAI Bn, 84 TVD, First City Regt en Midland Komdo) te gedenk.

Die gedenkteken is onthul deur Kol Bailey op 9 Nov 1979 en 'n gedenkdiens word jaarliks in Oktober gehou deur verteenwoordigers van al die plaaslike eenhede en oudgediende organisasies.



## 6 SAI Bn Gedenkteken

Die 6 SAI Bn gedenkteken word in fases opgerig en nader tans voltooiing.

Die gedenkteken, in die form van 'n gedenknaald, is opgerig deur 6 SAI Bn waarop alle gesneuweldes lede van 6 SAI se name verskyn.

Fase een en twee is alreeds voltooi, met fase drie byna voltooi.

Die gedenkteken (fase 1 en 2) is tydens die 6 SAI Bn se 21ste jaarvierings met 'n gepaste parade deur die eenheidsbevelvoerder, Kmdt F. Oelschig onthul op 27 Maart 1983.

Die gedenkteken het wel 'n doel in die eenheid en vorm deel van die eenheidsverjaardag verrigtinge wanneer die naasbestaandes/ouers van gesneuweldes die geleentheid benut om kranse ter nagedagtenis te lê.

*Kol F Oelschig is Bevelvoerder 6 SA Infanteriebataljon.

